# Eerste Werkservaring Premier se Jeugbevorderingsprojek (PAY)

## **Wil jy graag werkservaring in die Staatsdiens opdoen? Jy hoef nie verder te soek nie!**

Die Eerste Werksondervinding PAY-projek sorg dat matrieks werksondervinding opdoen en opleiding vind vanaf **1 April tot 31 Maart plaas.** Dit kan lei tot 'n geleentheid om vir 'n beurs in aanmerking te kom sodat jy verder in jou veld van belangstelling kan studeer!



Western Cape Government

FOR YOU

**VIR MEER INLIGTING:**
Besoek **www.westerncape.gov.za/PAY** of skakel die PAY-kantoor: **021 483 0742/9456** gedurende kantoorure.

# IS HIERDIE GEGEWENS OP JOU VAN TOEPASSING?

- **Jy het die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) in die Wes-Kaap in 2022 en 2023 geskryf en geslaag.**
- **Jy is nie van plan om verder te studeer nie.**
- **Jy is 'n Suid-Afrikaanse burger wat in die Wes-Kaap woon.**
- **Jy het geen netwerk of steun om jou te help om beroepskeuses te maak nie.**
- **Jy het finansiële probleme.**
- **Jy is 24 jaar oud of jonger.**

**Indien jy "JA" op al die vrae geantwoord het, is die Eerste Werksondervinding PAY-program vir jou!**

## WERKSOPLEIDING SAL IN DIE VOLGENDE DEPARTEMENTE VERSKAF WORD:

1. Departement van die Premier
2. Departement van Landbou
3. Departement van Gemeenskapsveiligheid
4. Departement van Kultuursake en Sport
5. Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
6. Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning
7. Departement van Plaaslike Regering
8. Departement van Gesondheid en Welstand
9. Departement van Infrastruktuur
10. Die Provinsiale Tesourie
11. Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
12. Departement van Mobiliteit
13. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)

## LAAT DIT GEBEUR

- Voltooi die aanlynaansoekvorm.
- Kom voorbereid om 'n kort verklaring oor jou belangrikste vaardighede en vermoëns, belangrike prestasies, ondervinding en loopbaandoelwitte te skryf.

## WAT GAAN JY BEREIK?

- Werksondervinding in die staatsdiens
- Kontakbare verwysings vir jou splinternuwe CV
- 'n Stel vaardighede en ondervinding wat jou meer bemarkbaar gaan maak
- 'n Jaar om ingeligte loopbaangerigte besluite te maak met 'n netwerk wat jou ondersteun

## WENKE VIR JOU AANSOEK

- Skep 'n e-posadres. Jy het dit nodig om **aansoek te doen.**
- Jy moet eers registreer voordat jy kan aansoek doen.
- Stoor asseblief jou gebruikersnaam en wagwoord in 'n veilige plek sodat jy dit kan kry wanneer jy dit nodig het.
- Vind die openbare biblioteek naaste aan jou met toegang tot die internet.
- Vind die Thusong-dienssentrum naaste aan jou en bepaal of hulle toegang tot die internet bied.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS: Om moontlike botsing van belange te vermy, sal ons ongelukkig nie aansoeke aanvaar van persone wie se familielede in 'n middel- of senior bestuursposisie vir die Wes-Kaapse Regering werk nie.



**VIR MEER INLIGTING:**
Besoek **www.westerncape.gov.za/PAY** of skakel die PAY-kantoor: **021 483 0742/9456** gedurende kantoorure.